DEEL 115 | WEEK 19 | 12 MEI 2023 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR




# KNUPPELDIK AAN KONINGSKOS

Buffalo Bistro op Heilbron se deure is oop op dieselfde perseel waar Buffalo Valley Spur voorheen was. Die besigheid het 'n nuwe baadjie gekry en is 'n groot aantrekking vir mense wat van goeie kos hou.

Buffalo Bistro bied 'n verskeidenheid van smaaklike geregte wat sal voldoen aan die smaak van oud en jonk. Van sappige hamburgers tot heerlike huiskosse en vars slaai, daar sal beslis iets wees vir elkeen se voorkeur. Bekostigbare pryse maak dit ook 'n aantreklike opsie vir gesinne wat 'n lekker maaltyd wil geniet sonder om die bank te breek. Jacques van Rooyen vertel dat die besigheid 'n vars bries is vir Wentworth Square en dankbaar is dat die gemeenskap hulle so deur die jare ondersteun het.

Dit is 'n welkome verandering vir diegene wat die Heilbron Spur se smullekker geregte en warm atmosfeer mis. Terwyl die Spur 'n plek in die harte van baie Heilbronners gelos het, is die Buffalo Bistro gereed om sy eie merk op die gemeenskap te maak. Die besigheid is nie net 'n plek waar mense saamkom om lekker te eet nie, maar dit sal ook 'n bydrae lewer tot die plaaslike ekonomie. Die opening van Buffalo Bistro is 'n bewys van die vertroue wat Van Rooyen het in die potensiaal van die gemeenskap en die plaaslike sakewêreld.

Die gemeenskap van Heilbron is van kardinale belang vir die eienaars. Hy het sy dankbaarheid uitgespreek teenoor almal wat Buffalo Bistro ondersteun. Sonder die gemeenskap se lojaliteit sou die opening nie 'n werklikheid geword het nie. Van Rooyen glo dat die besigheid nie net 'n eetplek is nie, maar 'n ontmoetingsplek vir vriende en familie om saam te kom kuier en kos te deel.

Die besigheid het die vermoë om nuwe lewe en opwinding in die Mall te skep en 'n aantreklike bestemming te word vir inwoners en besoekers.

TELWIEDRE-VOERE

VAKANTE POS
VACANCY

**Produksielynbestuurder: Pre-Mix**
Ons is tans op soek na 'n baie bekwame, betroubare, selfgemotiveerde **Produksiebestuurder: Pre-Mix** om by ons groeiende span aan te sluit. Om in hierdie pos te slaag, sal u 'n onafhanklike, bekwame en deeglike professionele persoon moet wees, wat trots is op hul werk en toegewyd is aan veiligheid en voorraadbestuur.

**Minimum Vereistes en Kwalifikasies**
1 Minimum kwalifikasies: Graad 12
2 Voorraadbestuur ondervinding op bestuurder vlak
3 Bestuurs ondervinding
4 Rekenaargeletterdheid
5 In staat om onafhanklik te werk, maar ook deel te vorm van 'n span
6 Gewillig om na normale werksure te werk, aangesien dit 'n 24/7-aanleg is
7 Die vermoë en bereidwilligheid om alle wetlike en veiligheidsregulasies na te kom
8 Uitstaande probleemoplossing en kritiese denkvaardighede

**Pligte en Verantwoordelikhede**
1 Verseker dat die gesondheid en veiligheid, omgewing, kwaliteit en huishouding in die afdeling nagekom word.
2 Bestuur van grondstof voorraad volgens maatskappy beleid
3 Bestuur van produksie volgens maatskappy beleid
4 Deel wees van Produksie bestuurspan
5 Verslagdoening oor produksie en voorraad gee volgens maatskappy beleid
6 Binne maatskappy se dissiplinêre kodes funksioneer en toepas

**SLUITINGSDATUM**: Vrydag, 26 Mei 2023
**BELANGSTELLENDES**: Epos u skriftelike CV/aansoek aan admin@telwiedre.co.za

**Production Manager: Pre-Mix**
There is currently a vacancy for a highly-skilled, reliable, self-motivated **Production Manager: Pre-Mix** to join our growing team. To succeed in this position, you will be an independent, competent, and thorough professional who takes great pride in their work and is committed to safety and stock management.

**Requirements and Qualifications**
1 Minimum qualifications: Grade 12
2 Stock Management experience at management level
3 Management experience
4 Computer literacy
5 Able to work independently with little supervision
6 Willing to work after normal working hours as it is a 24/7 plant
7 Ability and willingness to follow all legal and company safety regulations
8 Outstanding problem solving and critical thinking skills

**Duties and Responsibilities**
1 Ensure adherence to health and safety, environment, quality and housekeeping in section.
2 Manage Pre-Mix stock levels according to company policies
3 Manage Pre-Mix production according to company policies
4 Functioning as part of Production Management team
5 Report stock levels of Pre-Mix and Pre-Mix production according to company policies
6 Comply to and maintain disciplinary codes within company

**CLOSING DATE:** Friday, 26 May 2023
**THOSE INTERESTED:** Email your written resume/application to admin@telwiedre.co.za

@telwiedrevoere // www.telwiedre.co.za | 058 852 2742

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
*Donderdae - Royal Auction Centre*
VIR KRAALBESPREKINGS EN INSKRYWINGS, SKAKEL:
Piet Boshoff: 083 210 7135 of Jan Hendrik Claassen: 074 490 5451



BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou
www.bkb.co.za



HIGH FERT HF KUNSMIS
Johnny Claassen
082 779 3417
JCB
Eben Claassen
072 581 7627
WILGE CHEM
Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

# Smoking is harmful to you and your family



*• Heilbron Clinic*

According to the World Health Organization, smoking will be the number one cause of death in the world by 2030. Already in countries like the United States, the United Kingdom and Canada, smoking kills more people than heroin, cocaine, alcohol, AIDS, fires, murders, suicides and road accidents combined! In South Africa tobacco related diseases kill about 25 000 people each year.

**Your family and friends can also benefit if you quit smoking.**

• South Africans are exposed to second-hand smoke at home, while it has been restricted in schools, public places, on public transportation, in restaurants and at work.

• Second-hand smoke is what smokers breathe out, it is sometimes called environmental tobacco smoke (ETS).

• Smoke from cigarettes, cigars and pipes can cause serious health problems not only for smokers.

• Smokers inhale about 15% of smoke from a cigarette. The rest goes into the air.

• When a non-smoker inhales second-hand smoke, it's called passive smoking.

Tobacco and second-hand smoke contains over 4500 chemicals. Chemical tests on tobacco smoke found that side-stream smoke has more tar and other cancer causing chemicals than mainstream smoke. When a cigarette is lit about 85% of the smoke is released into the atmosphere as side-stream smoke. Some chemicals in second-hand smoke include irritants and systemic toxin such as hydrogen cyanide, sulphur dioxide, carbon monoxide, ammonia and formaldehyde. Smoke inhaled from the burning end of a cigarette has more toxins than smoke inhaled by smokers.

**Does second-hand smoke affect the health of a non-smoker?** YES! If you are a smoker you probably know the effect smoking will have on your health, but did you know that when you smoke around people it could affect their health as well?

The immediate health effects of second-hand smoke include: eye irritation, headache, nasal discomfort and sneezing, cough and sore throat, nausea and dizziness, increased heart rate and blood pressure.

A non-smoker working in a smoke filled room for 8 hours will breathe as many cancer-causing chemicals as if he or she has smoked 36 cigarettes.

Second-hand smoke is especially harmful to children. Children who breathe second-hand smoke are more likely to get colds, allergies and middle ear infections. Exposure to second-hand smoke and smoking while pregnant are both linked to miscarriage, low birth weight and stillborn births. There is also evidence that postnatal exposure to second-hand smoke contributes to the risk of sudden infant death syndrome.

**What can be done about second-hand smoke?**

• Strive to make your home, workplace and community smoke-free.

• Ask smokers not to smoke around you and your children

• Ask visitors not to smoke in your home

• If you live with smokers, set up a place outside where they can smoke, or help them quit.

# Inbrake duur steeds voort

Die Heilbron Herald was onlangs ook deel van die ongewenste reeks inbrake wat Heilbron teister. Saterdagoggend was die Herald se personeel geskok om te sien dat 'n persoon deur die deur se glas ingebreek het. Daar was egter gelukkig nie groot skade of verlies nie. Die voorval het egter die gekeer dat die winkel oop was vir besigheid nie.

Die gemeenskap word aangeraai om hul sekuriteit op te skerp. In 'n tyd waarin die misdaadkoers in ons land 'n groot uitdaging is, is dit noodsaaklik om waaksaam te wees en proaktiewe maatreëls te tref om ons eiendom en veiligheid te beskerm.

Daar is verskeie stappe wat individue en gemeenskappe kan neem om hul sekuriteit te verbeter. Dit sluit in die installeer van veiligheidstelsels soos alarmstelsels en kameras, die versekering dat alle deure en vensters goed beveilig is, en om buurthulp inisiatiewe te bevorder. Dit is ook belangrik om verdagte aktiwiteit onmiddellik aan die polisie te rapporteer, sodat hulle vinnig kan optree. Nog 'n opsie is om by Far Sekuriteit aan te sluit en strate kan saamstaan om 'n wag te kry om te patrolleer.



*Op die foto die glasdeur van die Heilbron Herald.*

# Te ruste gelê




# Uit die pen Week 19 van 2023





Ek het al hier vertel dat ek destyds twee goed wou gaan studeer: drama of teologie. Nie een van hierdie twee het goed afgegaan by die ma en die pa nie. Ek moes iets anders kry.

Ek wou ook nooit gaan skoolhou nie. Dit het in my tweede jaar aangekom toe ek 'n Onderwysbeurs gekry het. En toe is my dinges geboek vir onderwys.

So land ek, wat eintlik die res van my lewe voor 'n mikroskoop, met 'n trekkas en 'n wit jas wou spandeer, in 'n klas.

Ek het baie keer dié twee eertydse drome, drama en teologie, in die klas ingespan. Man, kon ek vir jou 'n show opsit en daarna lekker preek. Oor goed en kwaad, reg en verkeerd, hoe om iets te doen of hoe om dit glad nie te doen nie.

Ek het baie keer vertel van twee lesse wat hulle begin tot sukses sal verseker: wees daar en wees betyds.

Ek was twee keer bitter laat vir skool in die Oos-Vrystaat. Die eerste keer het die skoolhoof vir my gelag, maar die tweede keer het ek 'n kwaai oog gekry.

Een mooi dag het ek besef dat, wanneer jy laat opdaag vir 'n afspraak, jy eintlik geen respek het vir die ander persoon nie. Jy mors hulle tyd en jy mors ook met die geleentheid wat vir jou sou wag.

Toe ek hier in Pretoria begin skoolhou, was hier effens meer karre as in die Oos-Vrystaat. Meer bane waarin die karre heen-en-weer kon ry, ook. En meer verkeersligte. O ja, nog meer bestuurders wat in die oggend opstaan, maar nie wakker is agter die stuurwiel nie.

Ek en my goeie man het saam werk toe gery aangesien sy kantoor oor die straat van die skool was. Ons het ons tyd fyn gesny. Wanneer ons voor die skool parkeer, het ek vinnig my sak agter die bagasieruim uitgehaal, hom gesoen en laat vat personeelkamer toe. Wat nog 24 trappe van die ingang af is.

Gewoonlik storm ek die personeelkamer in, gryp my stoel, plak my neer en sug diep. Gewoonlik betyds vir die oggendgroet vanaf die skoolhoof.

Die skoolhoof en die twee adjunkhoofde het voor skool eers met mekaar vergadering gehou en daarna personeelkamer toe gekom. Teen daardie tyd was die aflostoesig reeds op die bord, die nuwe kloktye uitgewerk (indien dit verander het) en die terreintoesig gereël.

Nou kyk, my lyf is nie gebou vir spoed nie, maar vir stamina. My lyf is ook nie gebou vir vroeg opstaan nie, maar vir laat gaan slaap.

En dit het my gepootjie.

Een keer was ek regtig laat omdat die alarm by die huis nie wou aanskakel nie. Maar dit was, gedurende 'n periode van 18 maande, die enigste tyd, want ek was bloot net te vrek bang. Ek het gesien hoedat reekslaatkommers se naam in 'n swart boekie neergeskryf word. Wanneer jy drie keer laat was, het die skoolhoof jou ingeroep. Letterlik soos toe jy 'n leerder in die skool was, en die skoolhoof jou kantoor toe geneem het vir streepsuiker. (En raai? Ons het niks daarvan oorgekom nie. Heeltemal in teenstelling met wat ons huidige generasie en goewermint dink.)

Solank ek net nie kantoor toe hoef te gaan nie, het ek gedink.

Met enige afspraak, of ek werk toe moet gaan, dokter toe, kerk toe, waar ook al, probeer ek betyds wees. Dis 'n prioriteit.

Onlangs moes ek een van my afdeling se werkers oor die kole haal omdat sy nie betyds was nie. Sy het doodluiters in die kombuis gesit en gesmul aan een of ander dooie voël van onherkenbare herkoms toe ek daar instap.

"Wie beantwoord die telefoon by jou werkstasie?" Vra ek.

"O, niemand nie." Ek sien die arme dooie voël wil-wil by haar mondhoek uitspring.

"Beweeg na jou werkstasie. Onmiddellik." Ek het my stem egalig gehou, my gesig ook, en dadelik teruggestap na my kantoor toe. Met iemand agter my wat met 'n mond vol voël skarrel na haar werksplek.

Ek moes ook onlangs 'n nuwe kollega in my afdeling welkom heet. Sy is oorgeplaas vanaf 'n ander afdeling. In die ander afdeling het sy by die werk arriveer wanneer dit vir haar geleë is. Sy het dan haar tassie gaan neersit, teruggekeer kombuis toe om vir haar ontbyt te maak. Daarna het sy tydsaam aan haar ontbyt geëet en later na haar werkstasie gegaan. 'n Uur daarna was dit teetyd, en sy het met die een en die ander en uiteindelik met almal praatjies gemaak. Net betyds om vir die volgende uur by haar rekenaar deur te bring voordat sy gereed gemaak het om met ete te gaan.

En so kan ek aangaan. Om verskeie redes is hierdie nooit met haar bespreek nie, wat veroorsaak het dat hierdie gedrag net geëskaleer het.

Met haar eerste gesprek met my, moes ek weer vir haar die kantoorure neerskryf, so ook haar teetyd en middagetetyd.

Ek hoor deur die patatrank dat ek darem vreeslik streng is.

Nee, suster. Jy het nooit skoolgehou waar 'n skoolhoof jou met liefde kantoor toe sou nooi omdat jy laat was nie. Jy het dit vermy soos die pes.

Nee, suster. Jy weet nie dat die eerste stap na sukses is om op te daag en om betyds op te daag nie.

Nee, suster. Jy weet nie dat jy letterlik geld by jou maatskappy steel as jy hulle tyd steel nie. Want tyd is geld.

Vandag se les is net so maklik: Wees daar. En wees betyds.

Probeer ten minste.

# INSPIRASIE RESEPTE - *Pasch du Plooy*



***Pasch du Plooy, wenner van die TV reeks Kokkedoor se 3de seisoen in 2019, deel sy wenresepte om bietjie kleur en geur te gee aan 'n heerlike bord kos.***

Polenta is 'n stapelvoedsel in die Noordelike dele van Italië, hier word dit baie dieselfde gebruik as mieliemeel. Polenta word gemaal van geelmielies, maar is fyner as braaipap en growwer as gewone mieliemeel. Ek onthou dat as kind daar 'n tekort aan wit-mielies was en ons moes geelpap in die oggende vir ontbyt geëet het, wat baie vreemd was vir ons. Geelpap het later jare vir my 'n gunsteling geword en is steeds vir my lekkerder as wit mieliepap en ek gebruik dit gereeld.

Hier is een van my gunsteling en mees bevredigende disse om met geelpap te maak!

Geelpap met boerewors, tamatie, spek en kruie.

Voorbereidings tyd – 30 minute
Kooktyd – 60 minute
Bedien 4 – 6 mense

**Bestandele vir die geelpap**

1 koppie geelmeel (polenta), nie die kits-tipe nie
2 koppies kookwater
2 koppies melk
½ teelepel sout
½ teelepel vars tiemie of droë tiemie
'n Knippie growwe swart peper
½ koppie gerasperde Boerenkaas
2 klontjies botter
½ teelepel sout

**Metode**

Voeg die kookwater, melk, kruie en sout eerste in 'n middelslag swaarboompot. Bring die pot tot kookpunt. Sodra die water kook, meng jy die polenta stadig in met 'n handklitser, om seker te maak dat daar nie klonte vorm nie. Draai die hitte tot laagste en plaas pot se deksel op. Kook vir 45 – 60 minute of tot gaar. Meng nou die kaas en botter by en voeg sout en peper by na smaak.

**Vir die boerewors en tamatie**

1kg dik boerewors, in 10 – 15 cm stukke gesny, opgerol in wieletjies en met 'n stokkie of roosmaryn-takkie vasgesteek op die punt
2 blikkies groot tamaties, sonder skille
1 rooi soetrissie, klein blokkies gesny
½ knoffel huisie, fyn gekap of gerasper
1 wit ui, in fyn repies gesny
1 knippie brandrissie poeier
1 eetlepel tamatiepasta
2 eetlepels olyf olie
2 koppies water
3 eetlepels rooiwynasyn
2 eetlepels bruinsuiker
5 vars basiliekruid blare of 'n knippie droë gemengde kruie
Sout en peper na smaak

**Metode**

In 'n swaarboompan, verhit 1 eetlepel olyfolie oor medium hitte. Braai die wors beide kante tot bruin, verwyder en plaas eenkant vir later gebruik.

In dieselfde pan, verhit die res van die olyfolie, en voeg dan die uie, knoffel, soet- en brandrissies by. Braai die uie en rissies oor lae hitte tot die uie goudbruin en gekarameliseerd is. Meng nou die tamatiepasta by en braai vir twee minute tot bruin. Voeg dan die res van bestandele by en bring tot kook. Kook vir 20min of tot sous lekker dik is. Voeg nou jou boerewors terug in die pan en kook vir 5 minute, of tot wors gaar is.

**Vars kruie sous**

¼ koppie vars sagte kruie (basiliekruid, vars koljander, pietersielie)
½ knoffelhuisie
¼ rooi ui
2 eetlepels rooiwyn asyn
2 eetlepels olyfolie
Skil van ½ suurlemoen
'n Knippie Maldon sout

**Metode**

Voeg alle bestandele in 'n voedselverwerker en meng tot fyn. Voeg meer olyfolie by as verlang. Gooi sout en peper by na smaak. Stoor die kruiesous in die yskas tot benodig.

**Bros spek**

6 – 8 repies spek, sonder vel
4 eetlepel kanola-olie

**Metode:**

Sny die spek in klein eweredige blokkies. Voeg die spek en olie saam in 'n koue pan en verhit oor medium hitte. Roer die spek gereeld. Braai die spek vir 10 tot 15 minute tot lekker bros. Gooi die spek in 'n vergiettes sodat vet kan afloop. Stoor die spek op kombuispapier tot gebruik.

Bedien boerewors stukkies oor geelpap, met genoeg tamatiesous, bros spek en bedruip met vars kruiesous en ekstra gerasperde kaas.

**Wenk**

Die geelpap kan vir later gestoor word in yskas en met klein bietjie melk warm gemaak word en sal steeds net so lekker wees.

***Resep deur Pasch du Plooy***
***www.pasch.co.za***



## BEDANKING

*29ste April 2023, ontmoetingstee.*

*Marelize, dankie vir die reël van die kosbaarste geleentheid wat jy so moeiteloos aangepak het sonder veel hulp. Dankie vir jou liefde, tyd, geduld en omgee. Ons waardeer jou so baie. Jy is die wonderlikste vriendin en het hierdie oomblik onvergeetlik spesiaal gemaak vir ons. 'n Baie groot en innige dankie ook aan almal vir die bydraes t.o.v verversings en heerlike kos. Dankie aan almal teenwoordig. Anoniem.*

# Chenique droom groot



Chenique Kühn, dogter van Pieter Kühn en Zelna van Rooyen, het twee jaar lank voltyds by die Potchefstroom Akademie geswot en haar passie vir haarkappery uitgeleef. Met groot drome in haar hart, is sy vasbeslote om die beste haarkapster te word wat sy kan wees. Haar oogmerk is om sukses te behaal en uiteindelik haar eie salon oop te maak.Op hierdie oomblik werk sy by NUDO Hair Lab in Pretoria, waar sy 18 maande lank salon-ure moet voltooi. Sy is besig om haarself verder te ontwikkel en voor te berei vir haar "Trade test" wat haar die begeerde "rooi seël" sal gee.

Chenique wil graag haar advies deel met ander wat soos sy drome het om suksesvol te wees in die haarkappersbedryf. Sy sê dat jy nie bang moet wees om daardie groot stap te neem en uit jou gemaksone te kom en risiko's te neem nie. Die reis na sukses vereis dit soms van jou. Dit mag nie altyd maklik wees om jouself in die diep kant van die swembad te bevind nie, maar dit is waar jy die meeste van jouself kan leer en kan groei. Sy moedig ander aan om hul passie te volg en te werk aan die ontwikkeling van hul drome. Sy glo dat die beloning die moeite werd sal wees.

Met haar volharding, toewyding en passie vir die haarkappersbedryf, is Chenique Kühn 'n inspirasie vir ander wat soos sy wil floreer in hierdie veld. Sy is 'n voorbeeld van iemand wat dit waag om groot te droom, bereid is om hard te werk om haar doelwitte te bereik. Haar geesdrif en vasberadenheid dien as aansporing vir almal om geloof in hul eie vermoëns te hê en bereid te wees om diep in die water te spring om ook hul doelwitte te bereik.


FREE STATE CARE IN ACTION

VRYSTAAT-VERSORGING IN AKSIE
FREE STATE CARE IN ACTION
TLHOKOMELO TSHEBETSONG YA FREISTATA

**VACANCY: ENROLLED NURSE**
**HUIS SILWERJARE - PETRUS STEYN**

**REQUIRED**
- Current Registration with the South African Nursing Council
- Valid Drivers license
- Vaccination up to date

**DUTIES AND RESPONSIBILITIES**
- Working under the supervision of a Professional Nurse
- Take charge of a shift
- Providing direct nursing care to residents including administration of medication and wound care
- Monitoring patients conditions to ensure that they are safe comfortable
- Performing physical exams including residents pulse, blood pressure and temperature
- Assisting resident with ADL such as bathing, dressing feeding and mobility issues
- Providing emotional and physical care and practical day to day care to residents
- Monitoring patient care
- Writing reports
- Helping to create nursing care plans
- Providing first aid in medical emergencies
- Willing to work shifts including night shift fluent in Afrikaans and English a definite advantage

**Please send your CV to adm04.silwerjare@gmail.com**
**Closing date: Friday 26 May 2023**

*If you do not hear from us in 14 days after application closed you were not successful*








SOLAR VIBE
ALL ELECTRICAL & SOLAR APPLIANCES
47 Cilliers Street, Heilbron
060 908 9009 | admin@solarvibestore.com
All Electrical & Solar Appliances available in store!
Orders placed with next day delivery
Solar installations & After Services

# Gelukkige Moedersdag - Sondag 14 Mei
























# Dis tyd - The time has arrive

*Die volgende skrywe is ontvang van Gerrie Muller gerig aan die Redakteur.*

Ons geliefde mense van Heilbron, Phiritona en Sandersville

Terwyl ons op die rand van die munisipale verkiesings in 2026 staan, is dit noodsaaklik vir ons om as 'n gemeenskap saam te kom om 'n opkomende onafhanklike party te ondersteun. Ons moet verenig word om volhoubare oplossings vir demografiese en sosiale probleme wat ons as gemeenskap in die gesig staar, te vind.

Met die naderende munisipale verkiesings, is ons opgewonde om aan te kondig dat ons onafhanklike party gebaseer sal wees op 'n gemeenskapsorganisasie. Ons glo sterk in die krag van gemeenskapsbetrokkenheid en samewerking om positiewe verandering in ons area teweeg te bring.

Daar moet egter verduidelik word dat ons wel as 'n politieke party geregistreer moet word om vir die munisipale verkiesings te kan registreer en proporsionele stemme te ontvang. Dit is 'n noodsaaklike stap wat ons moet neem om te verseker dat ons stemme gehoor word en dat ons 'n werklike verskil in ons gemeenskap kan maak.

Een van die primêre voordele van 'n verenigde front is dat ons saam kan werk om probleme op te los in plaas daarvan om elk in ons eie hoekies te werk, wat teenproduktief kan wees. Deur 'n onafhanklike party te ondersteun, kan ons ons verskille opsy sit en saamwerk na gemeenskaplike doelwitte. Dit sal ons help om nie net huidige probleme op te los nie, maar ook nuwe probleme te voorkom.

Ons verlede ervarings moet ons leer dat die behoud van individuele en groepbelange nog nooit in ons guns gewerk het nie. As ons 'n tasbare verskil in ons gemeenskap wil maak, is dit noodsaaklik om 'n herhaling van die geskiedenis te voorkom. Daarom moet ons ons verskille opsy sit en saamstaan. Dit is tyd om te leer uit ons verlede ervarings en 'n nuwe pad te skep wat almal ten goede kom.

Verder moet ons ons horisonne verruim en verskillende kulture omarm sodat ons van mekaar kan leer. Dit sal ons in staat stel om kreatiewe oplossings te vind wat aansluit by ons diverse gemeenskap en 'n volhoubare toekoms vir Heilbron verseker.

Terwyl ons deur die uitdagings van ons gemeenskap vaar, moet ons waaksaam wees, aanhou leer en mekaar ondersteun. Met ons gesamentlike krag sal ons 'n belangrike oorwinning behaal in die munisipale verkiesings van 2026 en die dryfkrag wees agter positiewe verandering in ons gemeenskap.

Kom ons kom saam en ondersteun 'n onafhanklike party, want nou is die tyd om 'n verskil te maak. Laat ons stap na 'n helder toekoms en 'n nalatenskap agterlaat waarop ons kan trots wees.

Byvoorbaat dankie vir u aandag hieraan en u ondersteuning!!!

Our concerned people of Heilbron, Phiritona and Sandersville:

As we stand on the brink of the municipal elections in 2026, it is crucial for us to come together as a community to support an upcoming independent party. We need to unite to find sustainable solutions to demographic and social problems that we are facing as a community.

As the municipal elections draw closer, we are excited to announce that our independent party will be based on a community organization. We strongly believe in the power of community involvement and collaboration to drive positive change in our area.

However, we do want to clarify that in order to be able to register for the municipal elections and receive proportional votes, we do need to be registered as a political party. This is a necessary step that we must take to ensure that our voices are heard and that we have a chance to make a real difference in our community.

One of the primary benefits of standing as a united front is that we can work together to solve problems instead of working on our own, which can be counterproductive. By supporting an independent party, we can put aside differences and work together towards common goals. This will help us not only to solve current issues but also help to prevent new problems from occurring.

Our past experiences should teach us that preserving individual and group interests has never worked in our favor. If we want to make a tangible difference in our community, it is essential to avoid a repeat of history, which is why we need to put our differences aside and stand together. It is time to learn from our past experiences and create a new path that benefits everyone.

Furthermore, we must expand our horizons and embrace different cultures so that we can learn from one another. This will enable us to find creative solutions that cater to our diverse community, ensuring a sustainable future for Heilbron.

As we navigate through the challenges of our community, we must be vigilant, continue learning, and support each other. With our collective power, we will achieve a significant win in the 2026 municipal elections, and be the driving force behind positive change in our community.

So, let's come together and support an independent party, because now is the time to make a difference. Let us walk towards a bright future, and leave behind a legacy that we can be proud of!

Thank you in advance for your attention and support!!!







SEDGARS
GET YOUR GEAR
UP TO
30% OFF
SNIPER
JACKETS
TROUSERS
ACCESSORIES
SHOP ONLINE
VISIT US AT OUR NEW STORE
2 LEEUWENHOEK STREET | DUNCANVILLE
SEDGARS.COM | 016 422 3804

# Suksesvolle veiling aangebied

Op Saterdag 6 Mei hou Dewdrop Ile de France stoet hulle uitverkoping te Heilbron.

Dit was 'n lekker dag in Heilbron met baie mooi skape.
Die duurste Ram lot 110 is verkoop vir R17 000 aan Phillip Snyman van Belfour.
Die gemiddeld op die SP ramme was R9 676.
Die duurste ooi is verkoop vir R12 000 aan Jason Davel van Reitz.
Die die ooie met lammers gemiddeld was R6 900.
Dragtige ooie R6 300.
Oop ooie R4 869.
Die kommersiële ooie se gemiddeld R4 767.

Meerkat was bedank vir hulle uitstekend diens, asook BKB Frankfort wat die veiling aangebied het met Jan Mostert as die Afslaer.



*Op die foto vl Gerrie Roos (Verkoper), Jan Mostert (Afslaer), Harry Meyer, Jan Hendrik Claassen (BKB Bemarker Heilbron), Marnus Becker (BKB) en Skaaphanteerder.*

# Hoërskool Reitz leerders presteer





*Karla Steyn en Jancu Steyn leerders van Hoërskool Reitz het onlangs aan Oppie Tong Af deelgeneem, 'n platform vir openbare optrede. Hulle het beide uitstekend presteer en het 'n A+ simbool behaal.*
*Dit is 'n merkwaardige prestasie vir Karla en Jancu om hul stemme te laat hoor op Oppie Tong Af. Hulle het die geleentheid gebruik om hul idees en standpunte met selfvertroue en oortuiging uit te druk. Die feit dat hulle 'n A+ simbool behaal het, getuig van hul vaardigheid om te kommunikeer en die gehoor te beïndruk. Hulle is briljante sprekers wat bekwaam is om hul gedagtes duidelik oor te dra en mense aan te spreek.*
*Hou aan praat en deel julle unieke perspektiewe met die wêreld.*



*Simoné Jonker en Clarinda Stassen, leerders van Hoërskool Reitz, dring deur na die Vrystaatproewe! Na die deelname aan die TBM-proewe is Simoné Jonker en Clarinda Stassen ingesluit in die tweede span. Dit is 'n opwindende geleentheid vir hulle om hul talente te wys en verder te ontwikkel.*
*Op 27 Mei sal die Vrystaatproewe te New Horizon Betlehem plaasvind. Dit is 'n belangrike dag vir Simoné en Clarinda, waar hulle die kans kry om teen ander talentvolle spelers te kompeteer en hul vaardighede te demonstreer.*

# Gekies vir Fezile Dabi netbalspanne





*Chenelle Els (O/14) (foto links) en Carlie Rochat (O/16) (foto regs), leerders van Hoërskool Heilbron is verkies tot hul ouderdomme se Fezile Dabi netbalspanne!*
*Dit is 'n groot eer en prestasie vir Chenelle Els en Carlie Rochat om verkies te word tot hul ouderdomme se Fezile Dabi netbalspanne. Hulle het hard gewerk en uitgeblink in die netbalsport, en dit het hulle erkenning gebring.*
*Op 27 Mei neem hulle deel aan die Vrystaatproewe, waar hulle die geleentheid sal hê om hul vaardighede te wys en met ander talentvolle spelers te kompeteer. Dit is 'n opwindende tyd vir Chenelle en Carlie, en die gemeenskap glo dat hulle die span met trots en passie sal verteenwoordig.*



# Gerrit doen dit weer!

*Gerrit du Plooy is amptelik opgeneem in die Valke Sedibeng o/13B span. Dit is 'n prestasie om na te strewe en hy het dit reggekry. Gerrit se passie vir rugby en harde werk het hom weer sukses gebring. Hy het homself bewys as 'n waardevolle speler en 'n bate vir die span.*
*Met sy deelname in die Valke Sedibeng o/13B span, is dit duidelik dat Gerrit se toewyding en talent nie onopgemerk bly nie. Sy uithouvermoë en vaardighede op die veld maak hom 'n ware aanwins. Hy is 'n speler om dop te hou en 'n inspirasie vir ander.*

# Pastoor Derick vermaak die Huppelaars





*Meer as 40 Huppel Trippel-lede het na pastoor Derick de Lange van die AGS-gemeente se besielende boodskap geluister. Hierná kon almal saamsing met Steve Hofmeyr se "Pampoen", Theuns Jordaan se "Soos Bloed" en ou-ou liedjies soos "Lily of the Valley", "Sproetjies" en nog ander met Derick as voorsanger. Die volgende saamkuier is op 23 Mei saam met Ds Braam van Zyl tydens Pinkster. Heilbron Seniors kan gerus kom meedoen. Foto regs: Pastoor Derick.*

# KENNISGEWINGS

## KENNISGEWING

Kennisgewing in die **BOEDEL VAN WYLE SHANKU PETRUS MAZIBUKO,**
**Identiteitsnommer: 780502 5549 085** in lewe 'n Wewenaar woonagtig te Perseel 2541, Petsana, Reitz, 9810.
**DATUM VAN AFSTERWE: 31 OKTOBER 2021**
**BOEDELNOMMER: 003729/2022**
Kennis geskied hiermee aan Debiteure en Krediteure om bedrae aan die boedel verskuldig te betaal en eise teen die Boedel in te dien binne 30 (Dertig) dae vanaf publikasie hiervan by onderstaande adres.
**MNRE BLIGNAUT & WESSELS**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29**
**POSBUS 6, REITZ, 9810**

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELAKTE

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van Registrasie Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte Nommer T13058/2014** geregistrer in die naam van **HANLI CLAASEN, Identiteitsnommer 700903 0168 086** ten aansien van **Erf 1450 Bethlehem, Uitbreiding 15, distrik Bethlehem, Provinsie Vrystaat** wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Bloemfontein op hede die 9de dag van Mei 2023.
**AANSOEKER: WESSELS & SMITH**
**FJ KAPP/rs/ E05227**
**YORKWEG 1A**
**WAVERLEY**
**BLOEMFONTEIN, 9301**
**E-POS: bloemwess@internext.co.za**
**TEL: 051 436 1209**

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELAKTE

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van Registrasie Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte Nommer T25860/2005** geregistrer in die naam van **HANLI CLAASEN, Identiteitsnommer 700903 0168 086** ten aansien van
1. **Die Plaas Omdraai Noord 616, distrik Reitz, provinsie Vrystaat; en**
2. **Die Plaas Orotava 1184, distrik Reitz, provinsie Vrystaat**

wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Bloemfontein op hede die 9de dag van Mei 2023.
**AANSOEKER: WESSELS & SMITH**
**FJ KAPP/rs/ E05223**
**YORKWEG 1A**
**WAVERLEY**
**BLOEMFONTEIN, 9301**
**E-POS: bloemwess@internext.co.za**
**TEL: 051 436 1209**

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELAKTE

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van Registrasie Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte Nommer T14754/2009** geregistrer in die naam van **HANLI CLAASEN, Identiteitsnommer 700903 0168 086** ten aansien van
1. **Restant van die Plaas Palmietfontein 1825, distrik Heilbron, provinsie Vrystaat;**
2. **Gedeelte 2 van die Plaas Voorspoed 545, distrik Heilbron, provinsie Vrystaat;**
3. **Die Plaas Waagfontein 359, distrik Heilbron, provinsie Vrystaat**

wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Bloemfontein op hede die 9de dag van Mei 2023.
**AANSOEKER: WESSELS & SMITH**
**FJ KAPP/rs/ E05223**
**YORKWEG 1A**
**WAVERLEY**
**BLOEMFONTEIN,**
**9301**
**E-POS: bloemwess@internext.co.za**
**TEL: 051 436 1209**

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **TE32513/2001** passed by
**NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY**
In favour of
**MOSIUOA PAULUS KUMALO**
**Identity number 550706 5463 084**
and
**FONNIE ROSELINA KUMALO**
**Identity number 600915 0503 089**
Married in community of property
In respect of:
**ERF 493, PHIRITONA, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE IN EXTENT 304 (THREE ZERO FOUR) SQUARE METRES**
**Held by Deed of Transfer TE32513/2001,**
which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice.
Dated at Heilbron this 12th day of May 2023
**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**CONVEYANCER**
**JANSEN ATTORNEY'S**
**58 PIERCE STREET,**
**HEILBRON,**
**9650**
**TEL: 058 852 2816**
**lit@jansenprokureurs.co.za**
**Verwysing: MOK45/0002/JHJ/mp**

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELAKTE

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van Registrasie Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte Nommer T4778/2010** geregistrer in die naam van **HANLI CLAASEN, Identiteitsnommer 700903 0168 086** ten aansien van **Gedeelte 1 van die Plaas Mooibank 1145, distrik Heilbron, provinsie Vrystaat,**
wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Bloemfontein op hede die 9de dag van Mei 2023.
**AANSOEKER: WESSELS & SMITH**
**FJ KAPP/rs/ E05223**
**YORKWEG 1A**
**WAVERLEY**
**BLOEMFONTEIN, 9301**
**E-POS: bloemwess@internext.co.za**
**TEL: 051 436 1209**

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELAKTE

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van Registrasie Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte Nommer T15278/2009** geregistrer in die naam van **HANLI CLAASEN, Identiteitsnommer 700903 0168 086** ten aansien van
1. **Restant van die Plaas Voorspoed 545, distrik Heilbron, provinsie Vrystaat;**
2. **Gedeelte 1 van die Plaas Voorspoed 545, distrik Heilbron, provinsie Vrystaat;**
3. **Die Plaas Waagfontein 357, distrik Heilbron, provinsie Vrystaat**

wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Bloemfontein op hede die 9de dag van Mei 2023.
**AANSOEKER: WESSELS & SMITH**
**FJ KAPP/rs/ E05223**
**YORKWEG 1A**
**WAVERLEY**
**BLOEMFONTEIN, 9301**
**E-POS: bloemwess@internext.co.za**
**TEL: 051 436 1209**


Kerk str. 44 Heilbron
GiG Technologies
Tel: 087 527 0838
Cell: 072 840 4495
info@gigtechnologies.co.za
- Internet Service Provider
- CCTV & Alarm Installations
- Computer Sales & Support

Technology without the headache!


# DIENSTE


**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers. Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
**Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of**
**Piet Meiring 082 571 4191**
**peerlandhandel@gmail.com**
R


## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en
14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

**Raak volgende week deel van ons lekker lees gemeenskap koerant en stuur jou nuus en mylpale deur na Heilbron Herald. Kontak gerus vir Hendie Lötter by 058 852 3033**
**heraldnuus@heilbron.co.za**


HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**


## BEDANKING

Hiermee wil ons net baie dankie sê aan die wonderlike gemeenskap van Heilbron vir al die telefoonoproepe, handdrukke en meelewing tydens die afsterwe van my geliefde man, ons Pa en oupa Whity, sonder julle sou dit vir ons moeiliker gewees het in die hartseer tyd. Dit word waardeer.



*Judith, Pieter, Elize, Elisma, DJ & Elanie*


**HUIS TE HUUR PETRUS STEYN**
**3 Slaapkamer, sit-eetkamer, groot kombuis, 1 badkamer, aparte toilet, toegeboude stoep. Beskikbaar vanaf 1 Junie 2023. Kontak Dorothea 083 237 3444**





# SMALLS


**BAAL / SNY & BAAL ...**
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R






**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**





**Hugo Groenewald**
**082 569 7205**
Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!




# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort , Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***


SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85
heilbron@postnet.co.za 058 853 0006 064 988 6078




HERALD Sport

# Hannes Horn: Valsrivier President

"Bowls 1Sport4life". Die leuse van Rolbal Suid Afika.

Rolbal is beslis 'n sport wat deur almal beoefen kan word, ongeag jou ouderdom of enige fisiese gestremdheid.

Hannes Horn, President van Valsrivier Rolbalvereniging, is 'n sprekende voorbeeld hiervan.

As gesonde persoon was Hannes lief vir sport en was hy betrokke by verskeie sportfasiliteite.

Gedurende November 1992 was hy betrokke in 'n ernstige motorongeluk wat veroorsaak het dat Hannes in 'n rolstoel eindig.

Het Hannes se entoesiasme vir sport ook geëindig? Nee, beslis nie!

Gedurende 1993, kort na sy gedeeltelike herstel, begin hy deelneem aan 21km en 42km rolstoel marathonne asook velditems, 400 meter tot 5000 meter wedrenne, gewigstoot, spiesgooi en diskus.

Tydens 1995 se wêreldspele vir gestemdes in Engeland, wen hy 'n goue medalje in die 4 X 400 meter rolstoel aflos, asook bronsmedaljes vir gewigstoot en diskus.

Terwyl hy deelgeneem het aan al bogenoemde sportsoorte, was Hannes ook lid van Winburg Rugbyklub se bestuur, waar hy betrokke was as agterlyn afrigter, vanuit sy rolstoel.

Gedurende 1998 het ene oom Coetzee hom genooi om te kom rolbal speel, maar vir 'n rugbyafrigter het die sport bietjie stadig gelyk. Die oom se oorredingsvermoë was egter baie goed en rolbal sluk Hannes in.

Hannes doen niks halfhartigs nie, met die gevolg dat hy reeds gedurende 1999 gekies word vir die Oos Vrystaat span en rolbal word sy nommer een sport. Hy gee sy alles.

Terleurstellend vir Hannes, toe hy gekies is om in Mexiko te gaan speel in 2002, kon hy weens 'n tekort aan borgskappe ongelukkig nie hierdie droom van hom verwesenlik nie. Hy behaal egter wel plaaslik sukses, toe hy en spanmaat Hannes Fourie die pare kompetisie vir gestremdes wen.

Hannes se betrokkenheid en ondersteuning aan sy kinders met hulle skolesport bring mee dat hy sy rolbal vir 'n paar jaar daarna op die lange baan geskuif het.

Gedurende 2014 word hy lid van Kroonstad Rolbalklub. Hier neem hy deel aan elke kompetisie op die Valsrivier rolbalkalender. Sy toewyding bring mee dat hy die viere, driespel, pare asook Pro10 kompetisies wen.

Sedert sy terugkeer tot rolbal, was hy ook gekies as Skipper (Kaptein) vir die volgende Noord Vrystaat spanne: manspare, gemengde pare asook die driespel.

Tydens die nasionale toernooie vir gestremdes het hy ook goed presteer. Hy behaal derde plek in die enkels in 2019, 5de plek in 2020 en in 2021 5de plek in die pare kompetisie.

Aan die adminstriewe kant is Hannes ook volstoom aan die gang waar hy vir 6 jaar as President van Kroonstad Rolbalklub gedien het, hy is ook vir die afgelope 6 jaar President van Valsrivier Sub-distrik en was ook vir 5 jaar lid van Noord Vrystaat bestuur.

Vanuit sy rolstoel dien hy ook as baanbeampte met die instandhouding van al drie die bane by Kroonstad en sal jy hom gereeld saam met die werkers op die baan kry met sy rolstoel agter die grasmasjien.

**Rolbal is 'n sport vir almal, oud en jonk, gestremd of nie. kom speel saam en raak deel van die rolbalfamilie.**




WINKELURE
MAANDAE - DONDERDAE:
07:30 -17:00
VRYDAE: 07:30 - 16:30
SATERDAE: 08:30 - 13:00
Elsstraat 44 • Heilbron
Tel: 058 852 3033






BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 15 MEI 2023**
DEVON Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346
HANDHAAF Twee-maandelikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

**DINSDAG - 16 MEI 2023**
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314
VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak SC de Jager 082 599 2312
MONT PELAAN Twee-maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160
MIDDELBURG: TIMAL BONSMARAS
80 Beeste
11:00, plaas Tweefontein
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776

**WOENSDAG - 17 MEI 2023**
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 837 7835
ROSENDAL Kwartaallikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855
NORMANDIEN Speenkalf veiling
Kontak Francois le Grange 079 399 2413

**DONDERDAG - 18 MEI 2023**
PRETORIA: Compass Genetics
90 Boer goats
11:00, Fire & Wine Arena
Kontak Roelof Heenop 082 324 1992
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
DE JAGERSDRIFT Maandelikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak David Harris 082 573 7979

**VRYDAG - 19 MEI 2023**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za





